higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEVORDERDE PLANTPRODUKSIE
NKR VLAK 4

(1011014)

7 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

072Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Aseksuele voortplanting staan ook bekend as … voortplanting.

1.1.2 … verwys na die beheermetode waar ’n roofdier gebruik word om plae te beheer.

1.1.3 … is ’n metode van gelaagdheid wat gebruik word om wortelstokke vir boorde te propageer.

1.1.4 … is ongewenste plante wat met saaigewasse/blomme kompeteer.

1.1.5 Die lem van ’n entmes moet altyd … en skerp wees.

1.1.6 … is ’n proses wat toelaat dat lug deur ’n kwekery vloei.

1.1.7 Die … tegniek word gebruik om sommige plante te propageer wat moeilik wortels vorm.

1.1.8 Die kunsmatige bedekking van saadbeddings word ... genoem.

1.1.9 Die verwydering van saailinge en aanplanting op ’n nuwe en permanente plek word ... genoem.

1.1.10 Steggies wat van kruidagtige plante geneem word, staan bekend as …

(10 × 1) (10)

1.2 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Propageertegniek waar ’n deel van ’n plant van sy moederplant geneem word en in ’n wortelskietmedium gesit word	A	aseksueel
		B	kruising
1.2.2	Voortplanting behels die samekoms van manlike en vroulike gamete.	C	steggie
		D	insekbestuiwing
1.2.3	Plante wat geproduseer is deur kruisteling	E	enting
1.2.4	Laer deel van ’n plant wat gebruik word om ’n ent te vorm	F	seksueel
		G	deklaag
1.2.5	Metode om ’n botsel op ’n wortelstok in te voeg om ’n nuwe plant te propageer	H	sistemies
1.2.6	Strooi of saagsels wat gebruik word om ’n laag op die oppervlak van die grond te vorm	I	vegetatief
		J	semi-ryp steggie
1.2.7	Plaagdoder wat deur ’n plant opgeneem word wat insekte laat vrek wat aan die plantdele vreet of suig	K	wortelstok
		L	entloot
1.2.8	Gewortelde loot wat van onder grondvlak groei	M	sagtehout steggie
		N	wortelloot
1.2.9	Tipe steggie wat ouer as groenhout is maar jonger as hardehout steggies is		
1.2.10	Loot van ’n plant wat gebruik word om ’n ent te vorm		

(10 × 1) (10)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.3.1 Propageermetode waar deel van die stam aan die moederplant vas bly terwyl dit wortels vorm

1.3.2 Tipe wortelvormingmedium wat dreinering en belugting bevorder maar geen nutriënte verskaf nie

1.3.3 Snoei wat uitgevoer word tydens winter wanneer die blare geval het en houtagtige plante dormant is

1.3.4 Die kwekery-styl wat algemeen deur boere gebou word

1.3.5 Hormoon wat algemeen in die vrugtebedryf gebruik word om groen vrugte ryp te maak

1.3.6 Hormoon wat saad se dormantheid ná die winter beëindig wanneer daar gunstige toestande vir ontkieming is

1.3.7 Struktuur waar plante verbou word vir beskerming teen strawwe weerstoestande

1.3.8 Propageertegniek wat met ’n enkele vegetatiewe botsel gedoen word

1.3.9 Biotiese middel van bestuiwing wat stuifmeel dwing om van een blom na ’n ander te beweeg

1.3.10 Swamsiekte op plante wat veroorsaak dat blare geleidelik bedek word met wit poeierkolle

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1



[Bron: *www.ces.ncsu.edu/depts/hort/hil/hil-8701.html*]

2.1.1 Identifiseer die vegetatiewe voortplantingsmetode wat hier bo geïllustreer word. (1)

2.1.2 Verduidelik kortliks die proses van plantvoortplanting wat hier bo geïllustreer word. (6)

2.1.3 Watter seisoen is die beste vir optimale wortelvorming? (1)

2.1.4 Waarom is die seisoen wat in VRAAG 2.1.3 genoem is geskik vir optimale wortelvorming? (2)

2.1.5 Verskaf ’n ander rede om hierdie voortplantingsmetode in hierdie seisoen uit te voer. (1)

2.2 Noem SES eienskappe van gewenste gewasse.. (6)

2.3 Noem VIER groeimediumfaktore wat vóór aanplanting oorweeg moet word. (4)

2.4 Verduidelik kortliks VYF faktore wat die waterbehoeftes van plante in houers bepaal. (5)

2.5 Die gebruik van groeistimulante kan die eienskappe van vrugte beïnvloed.

Noem VIER van die moontlike eienskappe wat vertoon word. (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 Die meeste boere verkies ’n kwekery om snyblomme te kweek.

3.1.1 Gee TWEE voordele om ’n kwekery te gebruik om blomme of plante te kweek. (2)

3.1.2 Noem VYF higiëne-gewoontes wat werkers in ag moet neem wanneer hulle in ’n kwekery werk. (5)

3.2 Gee DRIE redes waarom kwekerybestuurders dit verkies om plastiekhouers te gebruik. (3)

3.3 Verduidelik hoe om houers sonder dreineringsgaatjies te gebruik. (2)

3.4 Noem DRIE basiese faktore om in gedagte te hou wanneer plante in houers gekweek word. (3)

3.5 Verduidelik kortliks waarom elk van die volgende daaglikse bestuurspraktyke in ’n kwekery uitgevoer moet word eerder as om uitset te verhoog:

3.5.1 Besproeiing

3.5.2 Spuit vir siektes en plae

3.5.3 Uitdunning

3.5.4 Herplanting

(4 × 2) (8)

3.6 Noem DRIE inherente eienskappe wat kunsmatig gepropageerde plante teenoor natuurlik vegetatiewe gepropageerde plante het. (3)

3.7 Verduidelik hoe elk van die volgende faktore die watervereistes van plante in 'n kwekery beïnvloed:

3.7.1 Temperatuur

3.7.2 Tipe plant

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen elk van die volgende blomproduksies:

4.1.1 Meerjariges en jaarplante

4.1.2 Bolle en sade

4.1.3 Struike en heinings

(3 × 2) (6)

4.2 Verduidelik DRIE maniere waarop geïntegreerde plaagbeheer gebruik kan word om plae en siektes te beveg deur na plantgesondheid en werkers se higiëne te verwys.

(3 × 2) (6)

4.3 Verduidelik kortliks TWEE simptome van bakteriese blaarvlek en bakteriese brand (canker).

(2 × 2) (4)

4.4 Blomprodusente moet 'n deeglike kennis van die oorsake en simptome van siektes hê voordat besluit word oor beheermaatreëls.

4.4.1 Noem die deel van die plant wat deur sagte vrot aangeval word. (1)

4.4.2 Gee die tipe patogeen wat sagte vrot op plante veroorsaak. (1)

4.4.3 Noem die simptome van sagte vrot op plante. (1)

4.4.4 Verduidelik DRIE biologiese metodes om sagte vrot te beheer.

(3 × 2) (6)

4.5 Verduidelik hoe plantluise, blaaspootjie en wit vlieë virussiektes in plante veroorsaak. (2)

4.6 Verduidelik waarom dit noodsaaklik is om onkruid te vernietig terwyl hulle jong plantjies is. (3)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem VIER belangrike snyblomkultivars wat in Suid-Afrika gekweek word. (4)

5.2 Waarom verkies blomprodusente om blomme in ’n kwekery te kweek? (4)

5.3 Lang afstande van die markte en die beskikbaarheid van verkoelingsfasiliteite sal ’n blomkweker se besluit oor die tipe blom om te kweek, beïnvloed.

Watter TWEE opsies is beskikbaar vir die blomkweker in Suid-Afrika? (2)

5.4 Wat is die ekonomiese belang van die blomkwekersbedryf in Suid-Afrika? (4)

5.5 Om blomme te oes is ’n delikate proses wat die plukker se uiterste konsentrasie verg.

5.5.1 Watter tyd van die dag is geskik om blomme te pluk? (1)

5.5.2 Noem VIER stukke plukgereedskap word benodig om blomme te pluk. (4)

5.5.3 Noem DRIE fisiese tekens wat aandui dat ’n blom gereed is om gepluk te word. (3)

5.6 Noem VYF ná-pluk aktiwiteite wat uitgevoer moet word voordat blomme na die mark vervoer word. (5)

5.7 Beskryf kortliks blomme wat simptome van planttekorte het en nie vir die mark gepluk sal word nie. (3)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou